21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Die gebed van Psalm 78

## Psalm 78

*Jy kan dieselfde met jou lewensverhaal doen, as met die verhale wat in die geskiedenisboeke staan. Jy kan jou lewensverhaal bloot sien as 'n verhaal van menslike intrige en menslike moontlikhede en swakhede. Jy kan God daaruit skryf, asof Hy nooit regtig 'n faktor was nie.*

*Wanneer jy Psalm 78 bid, leer jy jou egter om anders te kyk: om God se spore in die geskiedenis, in jou geskiedenis, raak te sien. Wanneer jy so na die verlede leer kyk, open dit 'n ander manier om na jou lewe te kyk.*

*Dan sien jy elke dag God se werk in jou lewe en in die wêreld rondom jou raak.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Die gebed van Psalm 78

Lees verse 1-4. Wat kan jy uit v1-2 aflei oor die hoofdoel van hierdie Psalm?

Vraag: Hoe beskryf v3-4 die verwagting van hoe die Woord van God gekommunikeer sal word?

Lees vers 5-8. Is dit net 'n voorstel? Net goeie raad vir kinderopvoeding? Wat is die doel van hierdie opdrag in God se Woord? Wat is die lesse wat elke nuwe generasie moet leer om nie die foute van vorige generasies te herhaal nie?

Lees vers 17-20. Wat is die probleem met die mense se houding? Wat is die basiese sonde wat hulle begaan het?

Lees vers 21-33. Wat het gebeur toe God hulle begeerte gegee het? Wat was hul basiese probleem soos beskryf in v22 en v32?

Lees vers 40-53. Wat sê die psalmis was die groter geestelike les wat hulle moes geleer het uit die tekens en wonderwerke van die uittog wat hulle nooit in hul lewe toegepas het nie?